**29 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 148**
**Fokusgedeelte: Psalm 148:1, 7, 13**
**Prys die Naam van die Here, want sy Naam alleen is hoog verhewe!**

Die hemele en die aarde en die ganse mensdom moet die Here prys. Sy Naam alleen is hoog verhewe bo alles wat was en is en sal wees. God se Naam openbaar Homself. *"Ek is wat Ek is"* (Eks. 3:14).

Psalm 146 bevat die loflied van 'n enkeling. Psalm 147 bevat die loflied van die gemeente. In Psalm 148 word die hemele, die aarde en die ganse mensheid opgeroep om die Naam van die Here te loof. Die eerste en laaste woorde van die Psalm is: *Halleluja – Prys die Here!* Ten minste 12 maal lees ons dat die Here geprys, geloof moet word. So groot en almagtig en hoog verhewe is God dat ALLES opgeroep word om die Naam van die Here te prys.

*In die eerste plek (vs 1-6) word die hemele opgeroep om die Here te prys*. Die son, die maan, die sterre, die hemelwesens, almal in die hemele word opgeroep om God te prys. Juis met Jesus Christus se geboorte het daar 'n magdom engele Hom geloof en geprys, lees ons in Lukas 2:13-14: "Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" In die hemel prys almal die Here heeldag lank. Ons lees in Openbaring 5:11-12: "Toe het ek rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge 'n groot menigte engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor uitroep: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang."

*In die tweede plek (vs 7-10) word die hele skepping opgeroep om die Here te prys*. Die seediere, weerlig en hael, sneeu en miswolke, stormwinde, berge, vrugtebome, wilde diere en alles wat vlieg, moet die Here loof en prys. Hoe prys die skepping die Here se Naam? Deur te doen waarvoor hulle geskape is. Die vrugtebome dra vrugte, die reën en die sneeu kom op die bestemde tyd, die skepping gaan voort in gehoorsaamheid soos God dit geskape het. Daarom moet ons die skepping ook oppas en oor die skepping heers met verantwoordelikheid, want alles behoort aan God. So is daar 'n hele paar Psalms waar ons lees dat die skepping die Here se Naam prys. In Psalm 8 besing Dawid die wonderlike skepping wat God gemaak het en in Psalm 19 lees ons hoedat die skepping getuig van die mag van God.

*In die derde plek (vs 11-13) word die ganse mensdom opgeroep om die Here se Naam te prys*. Konings, regerings, jong manne en meisies, grysaards en seuns. God is getrou aan sy verbond. God het ons geskape om Hom te loof en te prys. So het Jesus Christus ons met God versoen sodat die Heilige Gees wat uitgestort is, ons in staat kon stel om die Here se Naam te erken en te bely. Jesus Christus is die Hoof van die Kerk en die hele skepping en Hy pleit gedurig vir ons, sodat ons God kan loof en prys en aan God die lof kan toebring. Ons lofprysinge moet nie net hoorbaar wees in wat ons sê en bely nie, maar ook in wat ons elke dag doen. Ons dade moet getuig van die lof aan God."Prys uit die hemele die Heer,
gee, engele aan Hom die eer.
*"Prys son prys maan en prys Hom ster die hemelwesens hoog en ver"* (Ps. 148-2:1, Cloete-beryming)

*Sing: Psalm 148-2:1-9*
*Ds. GS (Gerrit) Kruger (Burgersdorp)*